# DIS NOU TYD VIR GELOOFSONDERSKEIDING

Hand 16:6-10

Paulus, Silas en Timoteus is ywerig besig met koninkrykswerk: (lees vers 4,5). Dit gaan sommer klopdisselboom!
Maar dan verskyn daar 'n slaggat in die pad… Hulle kan nie daar verbykom nie. Die HEILIGE GEES (van alle persone!) verhinder hulle om die evangelie in die provinsie Asië te verkondig. (nie waar Asië vandag is nie, vandag se Klein-Asië)
Hulle verander toe hul reisplan en mik Bitinië toe. Daar het baie Jode gewoon. Maar wéér kom hulle voor 'n toe deur te staan. Die Gees staan wéér in hulle pad.
Dit laat 'n paar vrae ontstaan:

1. HOE het die HEILIGE GEES dit gedoen?
2. WAAROM?
3. Hoe het hulle dit BELEEF?
4. Wat wil die Gees ons vandag daaruit LEER?

1. HOE HET DIE HEILIGE GEES DIT GEDOEN?

Die antwoord op hierdie vraag is: Ons weet nie. Dit staan nie hier opgeteken nie. Ons kan egter seker wees dat hulle nie sommer by die eerste teenspoed en teleurstelling besluit het om liewer om te draai nie! Daarvoor was Paulus te onverskrokke.
'n Mens sal versigtig moet wees om **nie te gou te besluit** 'n deur is toe nie. Ons moet kan **onderskei** wanneer dit die HEILIGE GEES is en wanneer dit die Satan is wat in ons pad staan ("teëstander"). Soms moet jy volhard ondanks slaggate en struikelblokke.
Ander tye weer moet jy nie te lank tyd en kragte mors deur toe deure te probeer oopforseer nie. Dissipels van die Here het dus wat Paulus noem "*'n fyn aanvoeling*" nodig (Fil 1:9), byna 'n soort sesde sintuig. Dit klink asof Paulus-hulle so iets gehad het.
**Waar kom 'n mens daaraan?** Kyk ons weer wat daar in Fil 1:9 staan, is dit duidelik dat dit met ***gebed*** en ***liefde*** te doen het en dat dit iets is wat ***toeneem*** en wat jou help om ***prioriteite*** te kan bepaal: *"Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom."*
1.1 LIEFDE: Die <u>liefde</u> vir God bo alles en vir ons naaste soos onsself is **die kompas** (GPS) wat vir ons die rigting aandui. Die HG sal ons altyd lei om ooreenkomstig die gebod van die liefde te handel. Enige ander leiding kan ons dadelik weet is uit die Bose. **Vra jouself dus altyd**: Is dit wat ek in gedagte het in ooreenstemming met die liefdesgebod? En omdat Jesus die verpersoonliking van die liefde is, kan jy ook vra: WWJD? (Wat sou Jesus gedoen het?)
1.2 KOMMUNIKASIE. Die antwoord op hierdie vraag is ook nie altyd so eenvoudig nie. Dit bring ons by <u>gebed</u> en die <u>Bybel</u> as Woord van God. Ons kan aanvaar dat Paulus-hulle 'n baie noue **verhouding** met die HJ gehad het. Ons kan dit ook hê. Die **vereiste** is eerstens

wat in Rom 12:1-3 staan: Dat ons onsself as lewende en heilige offers aan God sal gee; dat ons Hom sal toelaat om ons denke te vernuwe. Dan sal ons kan onderskei wat die wil van God is.
**Vra jouself**: Is dit wat ék wil, of wat God wil?
Om God se wil te ken en vir ons verhouding met Hom om te groei is **gereelde kommunikasie** deur gebed en Bybellees onontbeerlik. So kom ons en bly ons ingestel op Sy **golflengte**. Ons hardloop nie net na Hom toe wanneer ons raad nodig het nie, maar ons leef daagliks in ‘n verhouding met Hom.
1.3 Wat dan van OMSTANDIGHEDE – het dit nie ook ‘n sê in ons besluite nie? Gebruik die Gees dit nie ook om ons te lei nie? Ja, ons sal dit vir seker ook in ag moet neem – solank dit nie die ALLEEN Sê het nie. Dit mag nie die laaste woord spreek nie. **God het die laaste woord**, en by Hom is niks onmoontliik nie. Hy is die Almagtige. As Moses en die Israeliete net na hulle omstandighede in Egipte gekyk het, sou hulle nooit in die Beloofde Land gekom het nie.
1.4 ANDER GELOWIGES: Die **raad en insigte van ander geestelik volwasse christene** kan natuurlik ook help. Dit was net Paulus wat die gesig van die man in Macedonië gehad het, maar ons lees dat Lukas skryf “ons” het tot die oortuiging gekom dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te gaan verkondig (:10). Dit is goed om saam met ander te luister en te bid en dit nie in isolasie te doen nie. Ons is immers ‘n **“gemeenskap” van gelowiges**.
Ons gaan miskien nie ‘n gesig sien of ‘n stem hoor nie, maar die HEILIGE GEES lei baie maal deur ‘*n oortuiging* by ons te laat groei, deur ons al *groter sekerheid* te gee, al meer *vrede en aanvaarding* te gee byvoorbeeld dat ‘n sekere deur toe is.

2. WAAROM HET HY HULLE VERHINDER?

Hierdie vraag word ook nie direk beantwoord nie. Die mense van Asië en Bitinië was dalk nog nie *gereed nie*. Die *nood* in Noord-Griekeland was dalk groter. Die groot ontdekkingsreisiger David **Livingstone** was glo vasbeslote om na Sjina toe te gaan om daar sendingwerk te doen. Maar al sy planne het skeefgeloop, sodat hy uiteindelik na Afrika toe is, waar die Here hom wonderlik as *staatsman en as sendeling* kon gebruik.
Partykeer **droom ‘**n mens die mooiste drome en daar kom net mooi niks van nie. Dan wonder jy hoekom die Here jou nie gehelp het om daardie drome te verwesenlik nie. Agterna vind jy uit dat die Here ‘n beter plan in gedagte gehad het.

Gelukkig mag ons weet **God weet wat Hy doen**. *Paulus se teleurstelling word God se bestelling.* Sodoende is die evangelie vir die eerste maal Europa toe geneem, waar ons voorouers dit ook gehoor het. *“Dit is beter om saam met God na onbekende plekke te gaan, as sonder Hom na die plek van ons drome.”*

3. WAT WAS HULLE REAKSIE?

Toe-deur-ervarings kan **baie teleurstellend** wees. Dit kan mense totaal ontmoedig of baie frustrerend wees. Dit kan hulle laat twyfel of hulle dan nie goed genoeg is nie, of selfs of God betroubaar is. Ons WIL dan so graag die goeie doen en nou laat Hy ons dit skynbaar nie toe nie?

Ek sien egter **niks hiervan** by Paulus-hulle nie. Hulle gooi nie hul speelgoed uit die kot omdat hulle nie hul sin kan kry nie. Hulle gooi ook nie tou op nie. Hulle *gaan moedig voort* in die geloof dat *iewers* sal daar vir hulle ‘n deur oopgemaak word.

Dit het toe ook gebeur – deur ‘n gesig wat Paulus in die nag gehad het. Dit is nog ‘n manier waarop die HEILIGE GEES lei: deur **drome en visioene**. Om daaraan gehoor te gee, sou hulle die see moes oorsteek na Griekeland toe. Hulle sou die eerste maal voet aan wal op Europese bodem sit. Dit was **nie ‘n maklike opdrag** nie. Dit sou baie geloof, moeite en opoffering vra. Hulle is egter **dadelik gehoorsaam**, al was dié deel van die wêreld nie deel van hulle aanvanklike reisplan nie, van hul **oorspronklike visie** nie, al was dit vir hul vreemde terrein: Lied *“Waar Hy lei, daar sal ek meegaan, gaan ek met Hom, tot die end.”* Hulle was **lewende offers** vir God en sy saak.

In Macedonië aangekom, sou hulle **in Filippi** een vrou vind vir wie die Here voorberei het om Paulus se boodskap aan te neem. Hulle sou daarna in *die gevangenis* beland. Maar die God wat aanvanklik vir hulle die deur oopgemaak het en Lidia se hart oopgemaak het, het ook die tronk se deure deur ‘n wonderwerk laat oopgaan en die tronkbewaarder se hart oopgemaak! Paulus het in daardie stad ‘n gemeente gestig en een van sy Briewe wat hy later uit gevangenskap in Rome geskryf het, is juis aan hulle gerig (Filippense).

Dit blyk dus dat hulle die leiding van die HEILIGE GEES reg vertolk het en dat hul **gehoorsaamheid geseënd** was vir die koninkryk. (Asië en Btinië het wel later die kans gekry om die evangelie te hoor)

Gemeente, dit gebeur selde dat die HEILIGE GEES ons lei deur ‘n droom of ‘n gesig. Maar ons kan verwag dat wanneer ons ernstig soek, Hy aan ons ‘n **groeiende oortuiging** sal gee oor watter rigting ons moet volg. Dit kan soms **tyd** neem. Daar is soms ‘n **tydsverloop nodig** sodat ons *verhouding* met Hom eers kan verstewig, ons *geloof sterker* kan word, ons *motiewe gesuiwer* kan word waarom ons wil doen wat ons beoog, ons *prioriteite* kan regkom, ons *dieper kan dink*, ons *denke vernuwe* word. Iemand het gesê ‘*n tyd van onsekerheid bring verdieping as dit reg hanteer word*. Mag dit ook die geval in **Constantia gemeente** wees met die onsekerheid wat daar tans is oor die toekoms van die gemeente!

4. WAT ONS KAN LEER

Ons het op die bosberaad saam met Houtbaai  besef dat ‘n proses van GELOOFSONDERSKEIDING **nou baie belangrik** is om te kan bepaal watter deure is toe en waar is die oop deur. Het die **huidige bedieningsmodel** byvoorbeeld nou voor ‘n toe deur te staan gekom? Iemand het gesê *daar is vandag vars uitdrukkings (“fresh expressions”) van die kerk nodig.* U sê dalk *“Ek is tevrede soos wat dit is.”* Dit is waarom u vandag hier is, maar wat van al die **leë plekke** rondom u? (4% gelowiges wat kerk toe kom! Nie antwoord nie.)
Gelukkig dat ons kan staatmaak op die **leiding van die HEILIGE GEES.** Maar: In watter *rigting* lei die HEILIGE GEES ons? Waar is die mense wat *roep om hulp* en wie is hulle vandag? Is ons bereid om uit ons *gemaksone* uit te beweeg en die grense oor te steek om by hulle uit te kom, al is dit ‘n moeilike pad? Sal ons toelaat dat God ons *denke vernuwe*? Is ons daarvoor oop en leerbaar? Het ons Hom en ons naaste *lief genoeg* om dit te waag? Is ons bereid om onsself en ons eiebelang te *kruisig en Jesus te volg*?

Wat nou en vorentoe baie nodig is en waartoe ek u een en almal wil oproep, is

4.1 Daaglikse persoonlike **toewyding**;

4.2 Getroue omgang met God deur **Woord en gebed** (individueel EN gesamentlik);

4.3 Deeglike kennisname van die **konteks** waarin ons lewe;

**4.4 Openheid en leerbaarheid**

4.5 **Eensgesindheid** om “ons” besluite te kan neem (eensgesind = om een ding te bedink naamlik die eer/ wil/ koninkryk van God)

Ons sal graag in die tweede semester meer aandag aan die belangtrike saak van GELOOFSONDERSKEIDING wil gee.

Amen
3 Julie 2011